higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N550**(A)**(N23)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4

(4010164)

23 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en ‘n antwoordboek van 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES VRAE.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. ALLE berekeninge moet getoon word vir punte om toegeken te word.
5. Maak seker dat die ANTWOORDBLAAIE in die korrekte volgorde is, en dat hulle vasgekram is voordat hulle ingedien word.
6. Gebruik slegs swart of blou ink. Antwoorde in potlood sal nie nagesien word nie.
7. Rond bedrae tot die naaste rand af.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

M Mukondi, die eienaar van Vokos Traders, het die volgende totale uit die hulpjoernale ('subsidiary journals') verskaf:

Saldo's soos op 30 September 2017:

Debiteurekontrole: R16 175
Krediteurekontrole: R5 850

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN VOKOS TRADERS – 30 SEPTEMBER 2017

Da-tum	Details	Fol.	Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteu-rekontro-le	Afslag toege-laat	Diverse-rekening
30	Totale		19 967	9 375	3 936	4 500	281	1 875

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN VOKOS TRADERS - SEPTEMBER 2017

Da-tum	Details	Fol.	Bank	Han-delsvoor-raad	Debiteu-rekontro-le	Krediteu-rekontro-le	Afslag ontvang	Diverse-rekening
30	Totale		18 525	4 200	450	11 625	750	1 500

DEBITEUREJOERNAAL	BEDRAE
Verkope	16 000
Koste van verkope	12 000

DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL	BEDRAE
Debiteurekorting	1 688
Koste van verkope	800

KLEINKASJOERNAAL	BEDRAE
Kleinkas	700
Diverserekeninge (vervoerkoste vir 'n aankoop is betaal namens 'n debiteur = R450)	450
Skryfbehoeftes	200

ALGEMENE JOERNAAL	BEDRAE
Debiteurekontrole - debiete	150
Debiteurekontrole - krediete	200

GEVRA

Voltooi die Debiteurekontrolerekening in die ANTWOORDBOEK. **[15]**

VRAAG 2

Die inligting wat hier onder gegee word, is onttrek uit die boeke van Ringani Traders vir die jaar geëindig 31 Augustus 2016.

GEVRA

1. Vergelyk die Bankstaat met die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal. Maak aanvullende inskrywings in beide joernale. Sluit die bankkolomme in beide joernale af.

2. Dra dit oor ('post') na die Bankrekening in die Algemene Grootboek en balanseer die rekening.

3. Berei die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Augustus 2016 voor.

INLIGTING

BANKREKONSILIASIESTAAT OP 31 AUGUSTUS 2015

Kredietsaldo volgens die Bankstaat		64 725
Kredietdeposito nog nie deur die bank gekrediteer nie		112 500
Debiet uitstaande tjeks:		
No. 18	85 875	
No. 20	13 050	
No. 21	4 725	
No. 23	2 250	
Debietsaldo volgens die bankrekening	71 325	
	177 225	177 225

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN RINGANI TRADERS - AUGUSTUS 2016

Dok. No.	Datum	Details	Ontleding van ontvangste	Bank	Verkope	Debiteure-kontrole	Diverse-rekening	Details van diverse-rekening
EFT	1	NEDBANK		210 000			210 000	Lening
CRR1	3	Verkope	21 150		21 150			
170		M Vanessa	15 000	36 150			15 000	Kapitaal
CRR2	14	Verkope	19 725	19 725		19 725		
171	17	O Tuks	15 953	15 953				
CRR3	27	Verkope	19 725	19 725	19 725			
173	29	T Hazel	16 875	16 875			16 875	Huur-inkomste
				318 428				

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN RINGANI TRADERS - AUGUSTUS 2016

Dok. No.	Datum	Ontvanger	Bank	Handels-voorraad	Krediteure-kontrole	Diverse bedrae	Details van diverse
24	3	Metro Ltd	41 250			41 250	Toerusting
25		Boxer Sibasa	4 950			4 950	Handelslisensie
26	5	Milky Ltd	4 313		4 313		
27	7	Telkom	11 625			11 625	Telefoon
28	11	Kontant	1 575			1 575	Trekkings
29	14	Tomas Traders	8 700	8 700			
30		Kontant	750			750	Lone
31	25	Mbeu Bookshop	5 475			5 475	Skryfbehoeftes
32	30	Kontant	12 667			12 667	Los kontant
			91 303	8 700	4 313		

Kopiereg voorbehou

NEDBANK
BANKSTAAT 31 AUGUSTUS 2016

RINGANI TRADERS
POSBUS 3288
VHEMBE
0956 Bankstaat
Staat No. 20

DATUM	BESKRYWING	DEBIET	KREDIET	SALDO
01/08	Saldo			64 725
	Deposito		112 500	177 225
	Deposito		210 000	387 225
	Tjek: 18	85 875		301 350
03/08	Deposito		21 150	322 500
	Tjek: 21	4 725		317 775
	Deposito		15 000	332 775
	Tjek: 24	41 250		291 525
	Tjek: 25	4 950		286 575
05/08	Tjek: 26	4 313		282 263
07/08	Tjek: 27	11 625		270 638
11/08	Tjek: 28	1 575		269 063
14/08	Deposito		19 725	288 788
	Tjek: 29	8 850		279 938
17/08	Deposito		15 953	295 891
18/08	Rente op kredietsaldo		1 312	297 204
25/08	Tjek: 200	705		296 499
	Tjek: 31	5 475		291 024
27/08	Deposito		19 725	310 749
28/08	Deposito		6 600	317 349
29/08	Aftrekorder (‘Stop order’)	3 900		313 449
	Diensgelde	255		313 194
	Tjekboek	206		312 988
30/08	Tjek: 32	12 667		300 321
	Tjek: 32	12 667		287 654
31/08	Onbetaalde tjek	15 953		271 701

BYKOMENDE INLIGTING

1. Tjek no. 20 het verlore geraak en is gevolglik gestop. Dit is uitgereik aan Muthambi Traders ten opsigte van handelsvoorraad. ‘n Nuwe tjek sal in September 2016 uitgereik word.

2. Die deposito van R6 600 op 28 August 2016 is deur die debiteur M Manugeni gemaak.

Kopiereg voorbehou

3. Tjek no. 29 is verkeerdelik in die Kontantbetalingsjoernaal ingeskryf as R8 700 in plaas van R8 850 (wat korrek is op die Bankstaat).

4. Tjek no. 200 is deur ‘n ander kliënt, Pro Traders, getrek. Die fout sal op volgende maand se bankstaat reggestel word.

5. Die aftrekorder van R3 900 verteenwoordig ‘n versekeringspremie vir Metropolitan.

6. Tjek no. 32 is verkeerdelik tweemaal gedebiteer op die Bankstaat.

7. Die onbetaalde tjek op 31 Augustus 2016 is ontvang van ‘n debiteur, M Makhuvele. (Verwys na 17 Augustus 2016 in CRJ.) **[29]**

VRAAG 3

Die inligting hier onder is onttrek uit die boeke van RINGANI TRADERS.

GEVRA

3.1 Berei die Inkomstestaat voor vir die jaar geëindig 30 Junie 2018.

3.2 Voltooi slegs die BATE-gedeelte van die Balanstaat en maak die volgende aantekeninge (‘notes’):

3.2.1 Eiendom, toerusting en voertuie

3.2.2 Voorraad

3.2.3 Handel en ander ontvangbare rekeninge (‘receivables’)

Kopiereg voorbehou

VOORAFAANPASSING VAN PROEFBALANS VAN RINGANI TRADERS OP 30 JUNIE 2018

REKENINGE-GEDEELTE VAN BALANSSTAAT	Fol	DR	CR
Kapitaal	B1		307 500
Trekkings	B2	31 875	
Lening: Nedbank	B3		82 500
Grond en geboue	B4	337 500	
Toerusting	B5	39 000	
Voertuie	B6	66 000	
Opgelope depresiasie op toerusting	B7		12 900
Opgelope depresiasie op voertuie	B8		45 000
Vaste deposito: Nedbank (9% p.a.)	B9	37 500	
Debiteurekontrole	B10	40 725	
Krediteurekontrole	B11		34 200
Handelsvoorraad	B12	30 375	
Bank	B13		2 250
Voorsiening vir slegte skuld	B14		2 175
Kleinkas	B15	131	
NOMINALEREKENINGE-AFDELING			
Verkope	N1		374 213
Koste van verkope	N2	213 750	
Debiteurekortings (‘Debtors’ allowances’)	N3	7 875	
Rente op lening	N4	11 138	
Water en elektrisiteit	N5	7 087	
Rente op vaste deposito	N6		900
Slegte skulde	N7	1 313	
Verbruiksvoorraad	N8	776	
Versekering	N9	5 100	
Salarisse en lone	N10	70 687	
Afslag ontvang	N11		4 200
Diverse uitgawes	N12	1 425	
Afslag toegelaat	N13	1 313	
Huurinkomste	N14		48 750
Bankkoste	N15	817	
		914 588	914 588

BYKOMENDE INLIGTING

1. Voorraad voorhande op 30 Junie 2017
   Handelsvoorraad R30 263
   Verbruiksvoorraad voorhande R64

2. Debiteur Mary Musiwa is insolvent verklaar, en haar skuld van R188 moet afgeskryf word.

3. Die voorsiening vir slegte skuld moet aangepas word tot 5% van debiteure.

Kopiereg voorbehou

4. Die premie van R900 op ‘n polis wat op 30 September 2017 verval (‘expires’) is by die versekeringbedrag ingesluit.

5. Voorsiening vir depresiasie is soos volg:

   - Toerusting teen 10% p.a. op koste (toerusting ter waarde van R900 is op 1 April 2017 gekoop)
   - Voertuie teen 20% p.a. volgens die afnemendesaldo-metode (‘diminishing balance method’)

6. Die lening is op 1 Augustus 2015 verkry. Rente is van 2015 af jaarliks betaalbaar. Die rente vir die laaste drie maande moet nog betaal word.

7. Huur tot 30 April 2018 is ontvang. Hierdie bedrag is reeds ingeskryf in die boeke.
   LET WEL: Volgens die kontrak wat deur die huurder onderteken is, word die maandelikse huur op 1 Junie 2018 met 10% verhoog. Bereken die uitstaande huur.

8. Rente op die vaste deposito is betaalbaar.
   LET WEL: ‘n Bedrag van R9 375 is op 1 Maart 2017 by Mutual Bank belê. **[34]**

VRAAG 4

GEVRA

4.1 Trek die Kontantvloeistaat op van Fusion Express vir die jaar geëindig 31 Augustus 2017.

4.2 Toon die volgende aantekeninge/berekeninge:

Kontant ontvang van klante/kliënte
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers

INLIGTING

Jy word voorsien van ‘n uittreksel uit die Inkomstestaat en die Balansstaat.

LET WEL: Die aantekeninge by die Balansstaat is nie op ‘n toepaslike manier deur die boekhouer opgestel nie.

Kopiereg voorbehou

INKOMSTESTAAT VAN FUSION EXPRESS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2017

Verkope		630 375
Minus: Koste van verkope		240 000
Bruto wins vir die jaar		390 375
Plus ander inkomste		11 700
Rente-inkomste	11 700	
Bruto bedryfsinkomste vir die jaar		402 075
Minus uitgawes vir die jaar		79 597
Verbruiksgoedere	4 500	
Administratiewe koste	14 925	
Verlies op verkoop van toerusting	1 050	
Rente op bankoortrekking	697	
Rente op lening	16 950	
Depresiasie op toerusting	16 875	
Depresiasie op voertuie	24 600	
Netto wins vir die jaar		322 478

BALANSSTAAT VAN FUSION EXPRESS SOOS OP 31 AUGUSTUS 2017

	AANTEKENINGE	2016	2017
BATES			
Niebedryfsbates			
Eiendom, toerusting en voertuie	B1	657 750	869 250
Ander finansiële bates	B2	45 000	30 000
Bedryfsbates			
Voorraad	B3	285 000	315 000
Handel en ander debiteure	B4	200 550	217 500
Kontant en kontantekwivalente	B5	-	37 500
TOTAAL BATES		1 188 300	1 469 250
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal	B6	273 353	697 477
Niebedryfslaste			
Verband: First Bank (14%)		637 500	487 500
Bedryfslaste			
Handel en ander krediteure	B7	157 673	284 273
Bankoortrekking		119 775	-
TOTAAL EKWITEIT EN LASTE		1 188 300	1 469 250

Kopiereg voorbehou

AANTEKENINGE BY DIE BALANSSTAAT

NOTA 1: EIENDOM, TOERUSTING EN VOERTUIE

	2016		
	Bruto drabedrag	Opgelope depresiasie	Netto drabedrag
Toerusting	315 375	(146 250)	169 125
Voertuie	832 500	(223 875)	608 625
	1 147 875	(370 125)	777 750

	2017		
	Bruto drabedrag	Opgelope depresiasie	Netto drabedrag
Toerusting	312 375	(174 150)	165 225
Voertuie	952 500	(248 475)	704 025
	1 264 875	(422 625)	869 250

NOTA 2: ANDER FINANSIËLE BATES

	2016	2017
Vaste deposito: First Bank (12%)	45 000	30 000

BYKOMENDE INLIGTING

1. Die eienaar het bykomende kapitaal van R23 873 bygedra gedurende die finansiële jaar.
   Handelsvoorraad en kontant wat die eienaar vir sy persoonlike gebruik geneem het vir die 2016 finansiële jaar beloop R17 100.
   Handelsvoorraad en kontant wat die eienaar vir sy persoonlike gebruik geneem het vir die 2017 finansiële jaar beloop R37 500.
   Toerusting is verkoop tydens die finansiële jaar. Die opgelope depresiasie tot die datum van verkoop was R19 200 en die kosprys was R24 000.

2. Ingesluit by die bedrag vir handel en ander krediteure vir 2017 is ‘n bedrag van R1 500, wat vir betaalde uitgawes is. **[55]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Masithulela spesialiseer in die verkoop van kinderklere en kinderspeelgoed, in twee aparte afdelings.

	KINDERKLERE	KINDERSPEELGOED
Verkope	670 000	870 000
Aankope	330 000	235 000
Vervoerkoste op aankope	20 000	15 000
Verkoopsterugsendings (‘Sales returns’)	450	1 200
Vervoerkoste op verkope	8 000	-
Bank	750 000	420 000
Handelsvoorraad (01/01/2016)	185 000	130 000
Handelsvoorraad (31/12/2016)	280 000	195 000
Invoerbelasting	6 900	-

BYKOMENDE INLIGTING EN AANPASSINGS

1. Aankope ter waarde van R800 uit die kinderklere-afdeling is teruggebring weens die swak gehalte.

2. Die kinderspeelgoed-afdeling het donasies ter waarde van R2 500 aan die Mbeki Children’s Home gegee.

3. Die eienaar het kinderklere ter waarde van R300 geneem vir ‘n persoonlike vriendin se ooievaarstee (‘baby shower’).

4. Vervoerkoste vir aankope van kinderklere ten bedrae van R500 was nog uitstaande vir die huidige finansiële jaar.

5. Invoerbelasting vir een maand is nog uitstaande.

6. Vervoerkoste op verkope van kinderspeelgoed was opbetaal tot 30 Februarie 2017.

7. Aankope uit die kinderklere-afdeling ter waarde van R40 000 is oorgedra na die kinderspeelgoed-afdeling.

GEVRA

Gebruik die inligting hier bo om die volgende rekeninge op te stel:

5.1 Die aankoperekening (‘purchases account’)

5.2 Die afdelingshandelstaat (‘departmental trading statement’) **[22]**

VRAAG 6

Die inligting wat hier onder gegee word, is onttrek uit die boeke van Gaby Sports Club.

GEVRA

6.1 Berei die Ledegeldrekening voor.

6.2 Berei die Staat van Inkomste en Uitgawes voor vir die jaar 29 Februarie 2017.

INLIGTING

A. **SALDO'S OP 1 MAART 2016**

Opgelope fondse	55 310
Opgelope depresiasie op voertuig	6 040
Voertuig teen kosprys	24 000
Bank	1 320
Opgelope inkomste (ledegeld)	2 000
Inkomste vooruit ontvang (ledegeld)	3 200
Lening: Barclays Bank (15%)	31 000
Voorafbetaalde uitgawe (versekering)	400
Vaste deposito: Barclays Bank (15% p.a.)	60 000

B. **STAAT VAN ONTVANGSTE EN BETALINGS – 29 FEBRUARIE 2017**

ONTVANGSTE		BETALINGS	
	R		R
Hekgeld ('Gate takings')	10 200	Versekering	680
Ledegeld		Toerusting 1 Augustus 2016	8 000
2015	800	Skryfbehoeftes	720
2016	96 000	Rente op lening	2 000
2017	2 400	Water en elektrisiteit	800
Rente op vaste deposito	4 000	Diverse uitgawes	3 660
Toegangsgeld	22 000	Verversings	500

C. BYKOMENDE INLIGTING EN AANPASSINGS

- Rente op die vaste belegging moet nog betaal word.
- Uitstaande ledegeld vir 2015 moet afgeskryf word.
- Vier lede moet nog hul ledegeld vir 2016 betaal. Gelde is R400 per lid per jaar.
- Skryfbehoeftes voorhande is R250 op 29 Februarie 2017.
- Depresiasie op voertuig teen 15% p.a. op koste.
- 85% van die toegangsgeld ('entrance fees') moet gekapitaliseer word.
- Rente op die lening is nog uitstaande.

[45]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou